Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914
E-pos transvaal@voortrekkers.co.za
transvaal.voortrekkers.co.za

31 Oktober 2018

Renosterprojek 2018

Ons wil graag die renosterprojek vir 2018 nou finaal afhandel sodat ons die oorhandiging van fondse aan “Care for Wild” kan maak en afsluit met verslaggewing oor die projek asook betekenisvolle media-dekking.

Ten spyte van die brief gedateer 16 Augustus 2018 om inbetalings af te handel teen 25 September 2018, is daar ongelukkig nog steeds uitstaande gelde.
Kommando’s word versoek om alle renosterspaarbussies onmiddellik vanaf hul lede in te neem en die gelde finaal teen **17h00 op 6 November 2018** in Transvaal se bankrekening te betaal (Standard Bank, Hatfield, 016658655). Bewys van betaling moet vergesel word met die aangehegte rekonsiliasievorm en na die gebiedskantoor gestuur word by transvaal@voortrekkers.org.za (Onthou ook asseblief, daar is steeds ’n boete van R200 betaalbaar vir elke renosterspaarbussie wat nie ingevorder word en op die rekonsiliasie verskyn nie.)

Dan wil ek asseblief ’n groot versoek rig dat enige kommando of span wat ’n besonderse ervaring, funksie of aksie rondom hierdie “Renoster Red is Vet Pret”-projek gehad het, dringend vir my ’n kort verslaggie (150 woorde) en foto’s/video’s hieroor sal instuur!
Ek weet ’n paar kommando’s het inligtingsdae gehou en selfs mediadekking daaroor gekry. Stuur asb. vir my hierdie artikels!
Ek wil graag teen 30 November finaal verslag lewer aan al die belangstellendes en betrokkenes, ingesluit die media, oor die verskil wat Die Voortrekkers Transvaal, gemaak het – nie net aan die werk van “Care for Wild” nie, maar ook aan jong kinders se lewens en begrip en daadwerklike “doen” wanneer dit by bewaring van ons natuur kom. Dit is immers iets wat integraal deel van ons kode en ons KAN-strategie is!

Stuur asseblief hierdie materiaal dringend aan riaandupreez360@gmail.com of kontak my op 076 412 8811.

Groete
Riaan du Preez
AGL Bemarking

Gebiedsleier Zandra Machin
Gebiedsekretaris Elsa Schnetler
Adjunkgebiedsleiers Anita Bezuidenhout, Riaan du Preez, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg